

Januarie 2006

Dagsê al die belangstellende in die geskiedenis van ou Pretoria,

Voorspoed vir u almal in die nuwe jaar, en mag u goeie gesondheid geniet. Uiteindelik het die reën gekom. Ek skryf hier uit 'n heerlike nat Pretoria.

Ek het onlangs die boek "The Kaleidoscopic Transvaal" van Carl Jeppe persent gekry. Die boek is in 1906 deur J.C. Juta & Co. uitgegee. Carl Jeppe se vrou was Marie, dogter van C.J. Juta. Hierdie keer is dit nie 'n spelfout nie, daar was 'n J.C. [Jan Carel] en 'n C.J. [Coenraad Jacobus] Juta. Ek sal later die familie verwantskap tussen hulle uitklaar. Na aanleiding van iets eienaardigs wat ek in die boek gelees het wil ek graag vandag 'n stukkie skryf oor drie Portugese nl. Albasini, Simoens en Pereira. Slegs Pereira het in Pretoria gewoon, en die ander twee in Noord Transvaal.

Op bladsy 16 skryf Jeppe die volgende oor huwelike in Pretoria: "As in all small selfcentred communities, each individual took the keenest interest in the affairs of his neighbour – in his comings and goings, and his business, and above all in his matrimonial aspirations while unattached, and in subsequent developments when the knot had been tied. That occasional attempts at interference in the course of true love were made by people, disinterested or otherwise, was not to be wondered at; but that, as happened here, the Head of State, with his Executive Council, in meeting assembled, should officially intervene in the matrimonial affairs of one of the young ladies of Pretoria is surely unusual."

Jeppe vertel verder dat 'n skatryk Portuges, noem hom maar Mendoza, sy oog gehad het op die aanvallige dogter van mnr. en mev. Bierman [skuilnaam]. Die dogter wou egter niks van die voorgename huwelik weet nie en die ouers en mnr. Mendoza het hulle toe tot die Staat gewend wat 'n proklamsie afgevaardig het wat enige predikant, magistraat of ander huweliks bevestigers verbied om mej. Bierman in die huwelik te bevestig met enige ander persoon as Mendoza. Sy het glo later ingestem om met Mendoza te trou. Hoeveel waarheid daar in die storie is moet u maar self besluit.

Die dood van Casimiro Simoens

Op 25 April 1865 verskyn die advertensie in die Staatskoerant waarin alle persone wat geld skuld, of aan wie geld geskuld word deur die boedel van Casimira Simoens versoek word om hule rekening te vereffen. Dit is onderteken deur J. Albasini [Vise Consul van Portugal] en B.P. Periera namens M.L. Simoens

Staatskoerant 8 Mei 1866. Dit is nou meer as 'n jaar later en die boedel is nog nie afgehandel nie. Die ondergetekende Maria Louisa Schuurman, weduwee van wyle Casimiro Simoens gee kennis dat alle volmag deur haar verleen aan die Heer B.P. Periera hiermee herroep word. P.J. Marais en G. Steyn word nou deur haar aangestel om alle besigheid betreffende die boedel te behartig.

Albasini en Pereira het nie op hulle laat wag nie en in die Staatskoerant van 25 Mei 1866 verskyn Goewermentskennisgewing no 47 wat verklaar dat die Goewerment van die Zuid Afrikaanse Republiek slegs J. Albasini en B.P. Periera erken as verteenwoordigers van die erfgename van Casimiro Simoens.

Hulle gaan nog 'n stappie verder en 'n paar dae later op 29 Mei verksyn daar weer 'n Goewerments Kennisgewing in die Staatskoerant wat lui: Aan alle Landdroste in die Republiek word bekend gemaak dat hier 'n wettige protes ingestuur is teen die huwelik van Mejuffrouw die Weduwee Casimiro Simoens [gebore Schuurman]. Wanneer die weduwee aansoek doen om 'n huwelik te sluit, hetsy spesiaal, of met gebooie, met wie ook al [uitgenomen den protestant zynde den Heer B.P. Periera] moet dit ten strengste geweier word. Geteken M.J. Viljoen [Waarnemende President] en H. van der Linde [Gov. Sekretaris]

In dieselfde koerant ook die volgende: J. Albasini heroep alle volmagte wat aan B.P. Periera verleen is. Dit het betrekking op all Volmagte en Instruksies aan die heer Bras Piedade Periera verleen t.o.v. die likwidasië van die boedel van wyle Casimir Simoens. Geteken Gert Steyn – agent vir die weduwee C. Simoens [Maria Louisa Schuurman]

Blykbaar is die saak geskik. ‘n Paar maande later in die Staatskoerant van 31 Julie 1866 is Goewerment Kennisgewing no 80. Protes van die Heer B.P. Pereira word herroep teen huwelik van weduwee C. Simoens. Geteken M.W. Pretorius [President] en H. van der Linde.

‘n Mens kan maar net wonder wat het aanleiding gegee tot bostaande berigte in die Staatskoerant. Ek wonder met wie is die weduwee toe getroud. Nou iets meer oor die betrokke persone.

Maria Louisa Schuurman

Ek kom geen inligting vind. Is daar miskien iemand wat kan help?

Joao Albasini [1813-1888]

Joao Albasini was ‘n Portugese burger en ‘n Katoliek. Sy vader was ‘n Italiaanse Kaptein in die Portugese Vloot en sy moeder ‘n Spaanse dame. Omdat hy nie in Pretoria woonagtig was nie het ek nie veel inligting nie. ‘n Baie interessante artikel oor hom verskyn in die LANTERN van Oktober 1994. Hy was ‘n gesiene man, en word later gekies as hoofman van die Shangaans, die enigste wit man wat ooit die posisie beklee het. Verder is hy ook aangestel as Visie Konsul vir Portugal in die ZAR.

In 1850 trou hy met Gertina Maria Petronella Janse van Rensburg in Leydenburg. Haar ouers was nie ten gunste van die huwelik nie. Joao en Gertina het agt kinders gehad, twee seuns en ses dogters. Albasini was ‘n Katoliek en moes surrogaat ouers kry om vir hom in te staan by die doop van sy Protestante kinders in die Hervormde Kerk. Hulle was Aletta Snyman, m. Gouws, m. Bicard, m. Pittendright, m. Zeederberg, m. Dreyer en m. Hazelhurst. ‘n Dam wat later op een van sy plase gebou word word na hom vernoem – die Albasini Dam.

Cassimira Simoens [-1865]

Weereens nie veel inligting beskikbaar nie. Hy was ‘n grootwildjagter, handelaar en het ook plase besit.

In 1853 bring O. van Niekerk ‘n klag in teen Simoens dat hy ‘n geweer aan ‘n Manatees [swart man] gegee het. Simoens beweer hy het die geweer gegee sodat hulle sy goedere kan oppas teen diefstal. ‘n Boete van 500 Riksdalers word hom opgelê. Simoens rig verhoër tot die Volksraad dat hy nie geweet het dat dat wetgewing dit verbied nie en ook dat hy nie Hollands kan lees of verstaan nie. Die boete word kwytgeskeld. [Suid-afrikaanse Argiefstukke. Transvaal No. 3]

In die Staatskoerant van 17 Maart 1863 verklaar Simoens dat hy sy besighede op Leydenburg en Zoutpansberg gaan op breek [sluit?]. Alle persone moet asseblief hul rekeninge kom afsluit voor 31 Augustus.

Bras Piedade Pereira [- 1883]

Volgens die ou koerante en ook sy eie rekening boek was sy naam definitief nie Bras Piedade De Perreira soos dit in baie moderne boeke genoem word nie.

Die volgende kom uit ‘n aantal ou koerante en Pretoriana tydskrifte. Die spesifieke bronne is op aanvraag beskikbaar.

Periera was ‘n handelaar in Schoemansdal in die 1850’s en 1860’s. In 1866 word ‘n dranklisensie in Schoemansdal aan hom toegeken, in 1866 ‘n lisensie as Rondgaande Handelaar [smous] in Pretoria en in 1873 kry hy ‘n lisensie as Inwonende Handelaar met ‘n winkel in Pretoria.

Waar die winkel presies is is nie bekend nie maar in advertensies noem hy dat die winkel op Kerkplein voor die huis van Smithers is. Vanaf 1875 huur die Zeiler broers die winkel by hom. Volgens Pereira se boeke betaal hulle £47 en 10 sjelings vir drie maande se huur. Moontlik was die winkel op die westelike deel van erf nommer 411 [waar die Ou Raadsaal vandag staan]. Op 7 Augustus 1873 verkoop J.A. de Villiers die deel van die erf aan Bras Periera vir £300 en op 17 April 1877 verkoop Periera die erf weer aan Woodbine Cloete vir dieselfde bedrag.

Bras Pedade Pierera sal egter altyd onthou word vir sy woonhuis wat op die noord oostelike hoek van Skinner en Markstraat gestaan het. Voordat die huis in 1960 afgebreek is was dit vir 'n lang tyd die oudste huis in Pretoria. Die huis het later ook bekend gestaan as "Fountain Lodge" na die fontein wat op die erf ontspring het. Daar word beweer dat die huis in 1865 gebou is.

Wat veral belangrik is is die dokumente wat op die solder van die gebou gevind is. Ek haal aan uit Pretoriana No. 35 p31. "On Settler's Day, 1960, shortly after a disastrous fire, members of the Old Pretoria Association, assisted in salvage work at the old home of Bras Pereira at the corner of Skinner and Paul Kruger Streets. The old "rietdak" scorched and sodden, had been plucked down by the fire-brigade and had to be removed to admit access to the floors. What was revealed was a sorry layer of mud, ash, slime, pulped magazines and fragments of books. Underneath this desolate stratum an important series of manuscript records were recovered: These proved to be the business journals and ledgers of Bras Periera covering the period 1867 – 1880. Records of his day-to-day transactions with the Pretoria community and clients as far afield as the Zoutpansberg. A Business letter-book was also found to contain copies of letters that were written at Schoemansdal before this period.

When the encrusted and mushy covers of the records were removed by the bindery of the Archives, the contents, although wet, were found to be intact and quite legible. A.M. Davey."

Ek het 'n tyd gelede na die boeke in die Argief gaan kyk en dit bied ongelooflike 'n navorsings geleentheid vir een of ander student. Hoe lyk dit – is daar nie iemand wat belangstel om dit te ontsyfer en die inhoud na te vors nie.

Een van die boeke is die rekords wat hy gehou het as iemand "op die boek koop". So het Hendrik Schoeman byvoorbeeld in April 1870 8½ ell tafeta en 3 ell molvel gekoop vir £1 1/6 saam met 6 reel cotton en 1 lb. Sugar vir 4 sjelings. Daar was ook 'n rekening vir die Government of the ZA Republick. Van die inskrywings is 13 Junie 1870: 12 lb. Brass wire per landdrost D.P. Marais vir £3 en 13 April 1870: 2½ lb. Sugar candy per H. Jeppe vir 12/6. [Ek wonder wat het die Staat met 2½pond lekkergoed gemaak het of was dit vir eie gebruik?]

Wat vir hierdie brief belangrik is, is 'n kontrak wat tussen die papiere gevind is. Dit is tussen die wed. M.L. Simoens en W. Skinner vir die bou van 'n huis vir £300. Datum 8 Mei 1866. Daar is 'n beskrywing van die huis en ook 'n getekende plan van die huis. Ongelukkig is daar 'n blanko spasie waar die erf nommer en straat naam ingevul moet word. Ek wonder of die huis ooit gebou is?

Laat weet asseblief indien u die vorige brief [Des 1005] nie ontvang het nie. Ek het 'n hele paar boodskappe gekry van posbusse wat vol is.

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel